# 9 Januarie 2024 - Lesing 209 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die Vader neem alle sorge op Homself – 25/7/61

**NO: 7949** Vertrou op **My hulp** in elke aardse of geestelike nood en wend julle met al julle versoeke en begeertes alleen tot My, julle Vader van ewigheid, wat altyd bereid is om Sy kinders by te staan en Wie julle nooit tevergeefs sal aanroep as julle My ten volle vertrou nie.

Alle aardse gebeurtenisse kom so op julle af, **soos wat dit gunstig sal wees vir julle positiewe ontwikkeling**. En al mag dit vir julle ook voorkom asof julle in nood en in die noute beland, julle sal dit self van julle kan afwend as julle maar gelowig aan My vashou, as julle My vra om alle sorge op My te neem en Ek sal dit doen. Want die Vader wil die liefde van Sy kind wen en Hy sal daarom ook steeds net liefde skenk.

Elke geestelik gerigte gedagte waarborg julle ook My hulp. Want Ek het julle die belofte gegee: "*Soek eers die ryk van God en al die ander sal bowendien vir julle gegee word*". En as julle die rypwording van julle siele as baie dringend beskou, as julle julle gedagtes op My en die geestelike ryk rig, dan sal die aardse nood julle nie so tref nie, omdat Ek dit Self van julle sal afneem. My belofte word verwesenlik, daarvan kan julle seker wees.

Ek verlang van julle dat julle meer aandag sal skenk aan julle siele as aan die liggaam. Ek verlang dat julle die band sal soek met My en My ryk **en Ek neem dan die bekommernis oor van wat julle aards belas**. Ek reël alles altyd so, dat julle nut daarvan het. Maar julle sal My moet vertrou. **Julle sal julle nie deur aardse nood mag laat terneerdruk nie**. Julle moet alles berustend aan My oorlaat, en julle sal waarlik gelukkig wees.

Want beter as Ek kan niemand vir julle sorg nie, omdat Ek op hoogte is van alles wat julle nodig het, **en omdat Ek dit ook aan julle wil skenk, julle wat My dien**, wat bereid is om Myne genoem te word, wat aan My dink en My in julle harte dra. Vir wie anders sou My belofte van toepassing wees, as dit nie julle is, wat die wil het om volgens My welgevalle te lewe nie?

En as julle dus 'n versoek of begeerte het, hetsy aards of geestelik, kom dan vol vertroue na My en lê dit aan My voor. En waarlik, Ek sal julle in ooreenstemming met wat julle vra beloon, want vir My is niks onmoontlik nie en My Liefde vir julle is baie groot.

Maar hou ook rekening daarmee, **dat daar spoedig groot veranderinge sal plaasvind,** wat ter wille van die hele mensdom noodsaaklik is. Maar ook dan sal Ek Myne daardeur lei en julle sal My mag ondervind, asook My Liefde, wat **duidelik herkenbaar sal wees by Myne.** Want hulle sal hê wat nodig is en My krag sal hul toestroom, sodat hulle niks as te swaar sal ervaar nie, ook al word hulle deur slae van die noodlot getref. Steeds sal hulle My nabyheid bemerk en hulleself in vaste geloof aan My oorgee. **En steeds sal hulle sal vanuit elke nood gelei word.**

Sorg net daarvoor dat julle geloof julle sal versterk. Sluit julle steeds inniger by My aan en **hou met My stille tweespraak**, en julle sal baie krag daaruit put en dan ook niks doen sonder My nie. Julle sal My altyd by julle laat wees. Julle sal julle van My teenwoordigheid verseker deur innige gebed en werke van liefde.

En vanuit hierdie innige verbinding sal julle My ook vol vertroue alles voorlê wat julle belas en seker wees dat Ek alle sorge van julle sal afneem, dat Ek vir julle sal sorg en dit waarlik beter kan doen, as wat 'n aardse vader vir sy kinders sorg.

En **om julle en julle geloof te beproef** sal daar ook steeds sorge en nood op julle afkom. Maar omdat julle die weg ken, hoef julle dit maar net te gaan. Julle hoef My maar net aan te roep **in gees en in waarheid**, en waarlik, Ek sal julle gebed verhoor. Amein.